

## 13 Junie - JESAJA

**Skrifgedeelte: Jesaja 6:1-13**

**Fokusgedeelte: Jesaja 6:5**

**W**aarmee ons in hierdie teks te doen het, is Jesaja se roepingsvisioen waarin sy groot waardigheid sigbaar word. Jesaja is in ongeveer 737 vC geroep, in dieselfde jaar wat koning Ussia gesterf het.

In hierdie visioen sien Jesaja die Here op 'n baie hoë troon sit, wat beteken dat Hy die een is wat ook oor die aardse konings regeer. Daar is ook engele om die troon, wat gesing het oor die heiligheid en grootsheid van God wat op die troon sit. Die kern van die lied verkondig egter dat die Almagtige heilig is.

Wat mens opval, is Jesaja se reaksie op alles wat hy hier voor hom sien afspeel. Hierdie ontmoeting met die Heilige God bring outomaties by Jesaja die verbysterende besef dat hy nietig en sondig is. Jesaja bely dat elke woord oor sy lippe onrein is.

Enige mens wat met God se heiligheid te doen kry, kan nie anders nie as om uit te roep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore!"

Maar dit is ook slegs wanneer ons besef hoe verlore ons is, dat ons kan sien hoe groot die genade is. Jesaja se mond word deur een van die serafs aangeraak met 'n gloeiende kool wat simbolies wys op die reinigende krag van God. So word Jesaja gereinig en in staat gestel om sy roeping uit te voer.

Jesaja is vir ons 'n voorbeeld van hoe God 'n sondige mens reinig en roep tot heilige diens. Sien jy die genade wat jy ontvang? Jy word gereinig deur die reinigende krag van die bloed van Christus; daarom kan jy ook die heilige taak wat aan jou toevertrou is, uitvoer.

Ons het die krag van Christus ontvang deur die Heilige Gees. Kom ons verkondig hierdie genade wat ons ontvang in Jesus Christus.

*Sing: Psalm 116:2 (2001-omdigting)*

*Ds PJ de Bruyn (Gobabis)*